NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

DESEMBER 2018/ JANUARIE 2019

Lukas 10: 25 - 37

DINK RADIKAAL ANDERS

Wie se naaste is jy hierdie Kersfees?

BID RADIKAAL ANDERS

Bid vir die kerk as familie en liggaam van Christus dat ons mekaar se nood en hartseer sal raaksien en in mekaar se vreugde sal deel. 1 Kor 12:26

WEES RADIKAAL ANDERS

Waardeer elke oomblik saam met geliefdes, omring deur God se liefde. Mag die lig van ons vreugde gebrokenes na hulle gebore Verlosser lei. Matt 5:16

WAT IS ANDERS DIE MAAND?

Bid vir almal wat op die pad is hierdie feestyd. Bid dat die Here mense sal help om verantwoordelik en bedag te bestuur en vir sy beskerming.

DE EIKE IS ANDERS

Staan iemand in fisiese of emosionele nood by hierdie Kersfees. Dra by tot hulle vieringe of nooi hulle na joune.

BID HIERDIE KERSFEES VIR...

Gebroke Families

- Kroniesie eensaamheid het 'n sterk invloed op fisiese gesondheid.
- Suid-Afrika is agste op die lys van eensaamste lande en 24% van die bevolking bly alleen.
- As ons in ag neem dat daar in 2016, 456 612 sterftes aangeteken is, is daar moontik hierdie Kersfees ongeveer 'n half miljoen families wat die eerste keer Kersfees sonder 'n geliefde vier.

Verlange en Eensaamheid

- Die hoeveelheid egskeidings wat in Suid-Afrika toegestaan word vermeerder elke jaar. In 2016 is 25 326 egskeidings toegestaan.
- By 55% van skeisake is daar kinders onder 18 betrokke.
- Die Wes-Kaap het in 2016 die hoogste skeisyfer in Suid-Afrika gehad.

Armes

- In April 2018 is die broodlyn vasgestel op R547 - die minimum wat 'n persoon per maand nodig het om in basiese energie behoeftes te voorsien.
- Reeds in 2015 het 'n kwart van die bevolking onder die broodlyn geleef.

Bronne:
http://www.statssa.gov.za/?p=11176
http://www.bizcommunity.com/Article/196/19/176058.html
https://www.grafika24.com/getal-sterftes-in-suid-afrika-1997-2016/
http://www.statssa.gov.za/publications/P03101/P031012018.pdf
https://africacheck.org/factsheets/factsheet-south-africas-official-poverty-numbers/